Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 19/3/2021

LIEF EN LEED

Dit is met leedwese dat ons verneem het van die afsterwe van twee Wonnies se vader. Ons harte gaan uit na Shani Erasmus en Marjonelle Erasmus. Sterkte in die hartseer tyd.

LAAT VIR SKOOL

Die skoolure is 7:25 – 14:00 (Toetsdae uitgesluit). Die skoolhekke sluit om 7:25 en leerders moet teen 7:30 in die klas wees. Indien 'n leerder laat is, moet die ouer self die leerder by die ontvangskantoor kom inteken. Leerders wat al twee keer laat was, sal 'n finale waarskuwingsbrief ontvang. Hierna word die proses vir tugverhore gevolg volgens die Gedragkode. Ons vra u dus om seker te maak dat leerders betyds by die skool opdaag.

GRAAD 10: TOESIGKLASSE TYDENS TOETSE: KWARTAAL 1 - 2021

Die Graad 10-leerlinge moet asseblief seker maak van hul toesiglokale tydens die toetsreekd

10/1 O7 (3)
10/2 O28 (31)
10/3 F5 (28)
10/4 F14 (29)
10/5 F16 (29)
10/6 F8 (31)
10/7 F9 (30)
10/8 O38 (31)

16 Maart **Engels**	Voogklas				
18 Maart **Wiskunde/ Wisk Gel**	Voogklas				
23 Maart **Geografie**	K 2 (21) **F16**	K 6 (20) **O38**			
25 Maart **RTT**	Me Hornby - K 2 (27) **F9**	Me Kempen - K4 (24) **F16**	Me Hornby - K 6 (25) **F14**	Me Kempen - K 6 (25) **O7**	Me Hornby - K 3 (23) **O28**
30 Maart **Gasvryheid**	Me Grobbelaar - K2 + K5 (18+13=31) **O38**	Me Claassen – K 1 + K 5 (18+14=32) **F5**			
1 April **FW en Ekonomie**	Me Shrives - FW K1 (29) **F8**	Me Shrives - FW K3 (23) **F9**	Me Viljoen - FW K2 (20) **O7**	Ekonomie (16) **O28**	
6 April **IT /Toerisme**	IT (25) **F5**	Toerisme K1 (28) **O28**	Toerisme K3 (19) **F8**		
8 April **Afrikaans**	**Voogklas**				
13 April **Lewenswet**	K 1 (32) **F8**	K 3 (23) **F14**	K 6 (23) **O38**		

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

DIE "FUNKY DASWENNERS"

Baie geluk aan die volgende wenners:

HW Kleynhans (Gr. 12)

Domoniq Purcell (Gr. 8)

Anneke du Toit (Gr. 8)

ATLETIEK INTERHUIS:

NUWE REKORDS

	NAAM	VAN	ITEM
MEISIES O/14	Kyla	Janse v Vuuren	100m, 200m, Hoogspring, Verspring
	Kylie	Botha	Diskus
	Shadene	Heynick	Hoogspring
	Demi-Lee	Gibson	Hoogspring
SEUNS O/14	Marnus	Lezar	400m
	Henrico	Du Plessis	800m
	Warren	Biggs	Hoogspring, Diskus
	Adrian	Slater	Hoogspring
	Carlo	Schmahl	Spiesgooi
MEISIES O/15	Mia	Lundt	100m
	Kaylie	Wyngaardt	Hoogspring, Verspring
SEUNS O/15	Eduan	Kritzinger	800m
	Kyle	Mauer	100m, 200m, 100m Hekkies
	Tyron	Jansen v Noordwyk	Spiesgooi, Gewigstoot
	Sibosiso	Monane	Verspring
MEISIES O/16	Zané	Nel	Verspring
SEUNS O/16	Xavier	Prinsloo	110m Hekkies
	Divan	Schmahl	Verspring, Driesprong (Seuns O/17)
	Dawie	Breedt	Diskus, Gewigstoot
	Nardus	Jansen	Spiesgooi
MEISIES O/17	Simoné	Swart	Spiesgooi
	Katinka	Strydom	Verspring
SEUNS O/17	Wian	Louw	100m
	Devin	Da Silva	Diskus, Gewigstoot
	Justin	Helena	Spiesgooi

MEISIES O/19	Nicole	Adendorff	Spiesgooi
	Chanté	Janse v Rensburg	Hoogspring
	Clarissa	Ritchie	Driesprong
SEUNS O/19	Wian	Karsten	Diskus
	Damian	Van der Merwe	Gewigstoot
	JR	Pavier	Driesprong

Van links na regs :

JUNIOR SEUNS VICTOR LUDORUM : Tyron Jansen van Noordwyk
JUNIOR DOGTERS VICTRIX LUDORUM : Kylie Botha
SENIOR SEUNS VICTOR LUDORUM : Damian van der Merwe
SENIOR DOGTERS VICTRIX LUDORUM : Simone Swart

BEHEERLIGGAMVERKIESING

Baie dankie aan elke ouer wat tydens die Beheerliggaamverkiesing gestem het. Ongelukkig was daar nie ‘n kworum ouers nie. Die stemming sal dus weer plaasvind.

Datum: 25 Maart 2021
Tyd: 18:00-19:00
Plek: Personeelkamer

Tydens dié stemming hoef daar nie ‘n kworum teenwoordig te wees nie.

TIKTOK-VIDEO EN SOSIALE MEDIA-GEBRUIK

Ons vra dat ouers ernstige gesprekke met hul kinders sal hê oor die gebruik van selfone en sosiale media. Dit is ongelukkig ‘n realiteit dat, soos in enige ander skool, ons ook leerders sal hê wat met kwaadwillige intensies videomateriaal vervaardig. Hierdie materiaal is skadelik vir leerders en die skool se goeie reputasie en ons veroordeel dit ten sterkste. Indien daar enige leerders en hul ouers is wat inligting het oor leerders wat hierdie materiaal vervaardig of versprei, moet u nie huiwer om die skool te kontak nie. Hierdie verbeeldinglose en kwaadwillige dade sal met die volle krag van die skool se gedragskode en die landswette wat daarmee gepaard gaan, hanteer word.

Ons is ook bewus van ‘n TikTok-video waarin gevegte uitgebeeld word. Die video het reeds in 2020 verskyn en is d.m.v. ‘n Tugverhoor hanteer.

MNR LEZAR
SKOOLHOOF